

## ‘n Koninklike Priesterdom



---

### Sabbatmiddag

#### Leesverwysings vir hierdie week se les:

*I Petrus 2:1–3; Hebreërs 4:12; I Petrus 2:4–8; Jesaja 28:16; Eksodus 19:3–6; I Pet. 2:5, 9, 10.*

#### Geheeteks:

“Maar julle is ‘n uitverkore geslag, ‘n koninklike priesterdom, ‘n heilige volk, ‘n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig” (*I Pet. 2:9*).

**D**eurdrink met die Joodse kultuur, godsdiens en geskiedenis, verwys Petrus na die Christene aan wie hy skryf as ‘n “heilige volk, ‘n volk as eiendom verkry.” Deur dit te doen, gebruik hy die verbondstaal wat die Ou Testament gebruik om na ou Israel te verwys, en pas hy dit hier op die Nuwe Testamentiese kerk toe. En geen wonder nie: Heidene wat in Jesus glo is ingeënt op God se verbondsvolk. Hulle het ook nou ‘n aandeel in die verbondsbeloftes. “En as sommige van die takke afgebreek is, en jy wat ‘n wilde olyfboom was, onder hulle ingeënt is en deel gekry het aan die wortel en die vettigheid van die olyfboom, moet dan nie teen die takke roem nie; en as jy roem – dit is nie jy wat die wortel dra nie, maar die wortel vir jou” (*Rom. 11:17, 18*). In hierdie week se skrifgedeeltes verwys Petrus sy lesers na die gewyde verantwoordelikheid en hoë roeping wat hulle het as God se verbondsvolk, hulle wat (om Paulus se taal te gebruik) ingeënt is op die olyfboom. En deel van daardie verantwoordelikhede is dieselfde as wat ou Israel gehad het – om die groot waarheid van die reddingsaanbod van die Here te verkondig.

*\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat 15 April.*

## Om soos ‘n Christen te leef

Die eerste vers in I Petrus 2 begin met “Lê dan af,” wat beteken dat dit wat volg die resultate is van wat vooraf gebeur het. Ons het gesien dat I Petrus 1 op ‘n merkwaardige wyse beskryf wat Christus vir ons gedoen het, en hoe ons daarop behoort te reageer. In die volgende hoofstuk gaan Petrus voort met hierdie tema en brei verder daarop uit.

### Lees I Petrus 2:1–3. Wat vertel Petrus ons hier oor hoe ons moet leef?

---



---

Petrus gebruik twee aparte beelde om aan te dui dat Christene ‘n dubbele verantwoordelikheid het. Een beeld is negatief naamlik dat daar ontslae geraak moet word van sekere dinge; die ander is positief met die gedagte dat ons iets moet doen. In sy eerste beeld dring Petrus daarop aan dat Christene ontslae moet raak van boosheid, bedrog, geveinsdheid, afguns, en alle kwaadpraterij (*I Pet. 2:1*). Deur dit te doen, sal Christene anders optree as baie van die ander mense rondom hulle. Omdat hulle boosheid afgelê het, sal hulle nie begeer om ander seer te maak nie, maar sal hulle eerder poog om goed te doen aan ander. Deurdat Christene van onopregtheid ontslae geraak het, sal hulle ander nie bedrieg nie, maar sal hulle reguit en eerlik optree. Christene sal nie afgunstig wees op hulle wat meer as hulle het nie. Hulle sal tevrede wees met wat hulle het en floreer waar die Voorsienigheid hulle geplaas het. Hulle sal ook nie stellings maak om ander se reputasie moedswillig te ruïneer nie.

Die tweede beeld wat Petrus gebruik — pasgebore kindertjies wat honger is vir melk (*I Pet. 2:2*) — is ‘n positiewe instruksie. Die Christen se lewe gaan nie net daarvoor om slegte dinge op te gee nie. So ‘n lewe sal leeg wees. Nee, dit gaan daarvoor om na geestelike voedsel te verlang met dieselfde intensiteit van ‘n baba wat huil vir melk. Hy verwys die lesers na die bron van geestelike voedsel (*sien ook Heb. 4:12, Matt. 22:29, II Tim. 3:15–17*), na die Woord van God, die Bybel. Dit is deur die Woord van God te lees dat ons geestelik en moreel groei, want daarin kry ons die bes moontlike openbaring van Jesus Christus. En in Jesus het ons die beste voorstelling van die karakter en natuur van die Heilige God wie ons moet liefhê en dien.

**Wat is die verband tussen hierdie twee beelde: met ander woorde, hoe sal dit ons, deur geestelike voeding in die Woord te soek, help om van die slegte gewoontes en gesindhede waarteen Petrus ons waarsku, ontslae te raak?**

## Die Lewende Steen

**Lees I Petrus 2:4–8 (sien ook Jes. 28:16; Ps. 118:22; Jes. 8:14, 15). Na watter kernwaarheid verwys Petrus hier? Wat sê hy aan ons oor hoe ons teenoor Jesus moet optree?**

---

---

---

Nadat hy aan sy lesers sê dat hulle hulle geestelik moet laat opbou, vestig Petrus onmiddellik hulle aandag op Jesus Christus, die lewende steen, wat heelwaarskynlik op die tempel in Jerusalem sinspeel. In I Petrus 2:4–8 haal hy drie skrifgedeeltes uit die Ou Testament aan wat die belangrikheid van hoekstene na vore bring, en wat die rol van Jesus in die kerk aandui. Dis nie net Petrus wat hierdie verse met Jesus verbind nie. Jesus self verwys na Psalm 118:22 aan die einde van Sy gelykenisse (*Matt. 21:42*). Petrus doen dieselfde in sy toespraak aan die Joodse leierskap in Handeling 4:11. En Paulus gebruik Jesaja 28:16 in Romeine 9:33.

Petrus se punt is dat al was Jesus verwerp en gekruisig, was Hy deur God gekies om die hoeksteen van God se geestelike huis te word. Christene wat Jesus se volgelingen is, is dus lewende stene wat in hierdie geestelike huis ingebou word. Deur die terminologie van die hoeksteen en boustene te gebruik, skilder Petrus 'n beeld van die kerk. Die kerk is op Jesus gegrond, maar bestaan uit hulle wat Hom volg.

Let op dat deur 'n Christen te word jy deel van 'n Christengemeenskap of 'n plaaslike kerk word. Net soos 'n steen in 'n groter struktuur ingebou word, so word Christene nie geroep om in afsondering die volgelingen van Jesus te word nie. 'n Christen wat nie saam met ander Christene aanbid en werk om die koninkryk van God te bevorder nie, tree teenstrydig op. Deur die doop word Christene deel van Christus, en sodoende ook deel van Sy kerk. Petrus praat ook hier van die funksie van die kerk. Dit vorm 'n “heilige priesterdom” (*I Pet. 2:5*) wat “geestelike offers” bring. Volgens die Hebreeuse Bybel tree die priesters by God in vir die mense. Petrus en ook andere in die Nuwe Testament gebruik dikwels die taal van die tempel en die priesterskap om die kerk as die lewende tempel van God en Sy volk as priesters, voor te stel. Hy verwys na die Ou Testamentiese stelsel van aanbidding om waarhede van hoe Christene vandag behoort te leef en op te tree, te openbaar.

**Lees I Petrus 2:5 weer. Wat beteken dit om “geestelike offers te bring”? Hoe doen Christene wat deel is van 'n aanbidingsgemeenskap, dit?**

## God se verbondsvolk

Petrus skryf heelwat vanuit ‘n Ou Testamentiese perspektief. En die tema van hierdie perspektief is verbondsluiting, ‘n tema wat eie is aan die Joodse en Christelike teologie. Wat is verbondsluiting?

“Verbond” (in Hebreeus, *berit*) is ‘n woord wat ‘n ooreenkoms of formele gelofte tussen twee partye beskryf. Dit kan tussen twee persone, byvoorbeeld Laban en Jakob in Génesis 31:44, of tussen twee konings, byvoorbeeld Salomo en Hiram in I Konings 5:12, gesluit word. Dit kan ook tussen ‘n koning en sy onderdane gesluit word soos tussen Dawid en die oudstes van Israel (*II Sam. 5:3*). Wat hier uitstaan, is die spesiale verbondsverhouding tussen God en Sy gekose volk, die afstammeling van Abraham.

**Lees Génesis 17:1–4, Exodus 2:24, Exodus 24:3–8. Wat vertel hierdie teksverse ons oor die verbond wat God met Israel gesluit het?**

---

Die eerste boek van die Bybel, Génesis, vertel die verhaal hoe God ‘n verbond met Abraham gesluit het (*Gén. 15:9–21, 17:1–26*). God het aan hierdie verbond “gedink” toe Hy Sy volk uit slawerny in Egipte gered het (*Exod. 2:24*). God het dit hernu in die tyd van Moses toe Hy die Tien Gebooië en ander wette aan die kinders van Israel gegee het (*Exod. 19:1–24:8; veral Exod. 24:3–8*).

Maar die verbondsbeloftes was nie onvoorwaardelik nie. “Die Here het belowe dat as hulle getrou aan Sy vereistes sou bly, Hy hulle middele sou vermeerder en die vrug van hulle hande-arbeid, sou seën.”—Ellen G. White, *Testimonies for the Church*, vol. 2, bl. 574, (*vrye vertaling*).

Inderdaad, die profete het Israel oor en oor gewaarsku teen ongehoorsaamheid aan God se wet, en dikwels deur verbondstaal te gebruik. Daar word beweer dat met die moontlike uitsondering van die profesieë van Daniël en Openbaring, baie profesieë in die Bybel voorwaardelik is. Dit toon hoe sentraal die gedagte van gehoorsaamheid in die verbondsbeloftes is. Die verbondsprofesieë se seëninge was voorwaardelik aan gehoorsaamheid aan God se wet, en die vervloekingsprofesieë was net van toepassing op die ongehoorsames.

**Wat beteken dit vir jou om in ‘n verbondsverhouding met God te wees? Watter verantwoordelikhede plaas hierdie verbondsverhouding op jou?**

## ‘n Koninklike Priesterdom

In die Boek Exodus, Hoofstuk 19, het die Here aan Moses gesê: “ ‘So moet jy aan die huis van Jakob sê en aan die kinders van Israel verkondig: Julle het self gesien wat Ek aan die Egiptenaars gedoen het, en dat Ek julle op arendsvlerke gedra en julle na My toe gebring het. As julle dan nou terdeë na my stem luister en my verbond hou, sal julle my eiendom uit al die volke wees, want die hele aarde is myne. En julle sal vir My ‘n koninkryk van priesters en ‘n heilige nasie wees” (*Exod. 19:3–6*). Hier is die evangelieboodskap wat millennia voor die kruis geopenbaar was: God red Sy volk, verlos hulle van hulle sonde en van die verslawing van hulle sondes, en beveel hulle dan om, as Sy spesiale verbondsvolk voor die hele wêreld, Hom lief te hê en te gehoorsaam.

**Lees I Petrus 2:5, 9, 10 en Exodus 19:6. Wat bedoel Petrus wanneer hy Christene ‘n “koninkryk van priesters” en “‘n heilige nasie” noem (*I Pet. 2:9*)? Wat sê hierdie taalgebruik aan ons as Sewendedag-Adventiste Christene oor ons verpligtinge?**

---



---



---



---



---

“Geestelike huis,” “uitverkore geslag,” “koninklike priesterdom,” en “ ‘n volk as eiendom verkry” is, is almal uitdrukkings wat ‘n hoë roeping aandui en wat in die Bybel die spesiale verhouding wat God met die afstammeling van Abraham gehad het, beskryf. Hier, in die konteks van die Nuwe Testament en in die konteks van Jesus en die kruis, gebruik Petrus dieselfde verbondstaal en pas hy dit op die gemeentelede toe. Die verbondsbloftes wat aan Israel gemaak was, sluit nie net die Jode in wat in Jesus glo nie, maar ook die heidense gelowiges. Ja, deur Jesus, kan heidene ook daarop aanspraak maak om kinders van Abraham te wees. “En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename” (*Gal. 3:29*). Deur Christus kan enigeen, afgesien van hulle herkoms, deel word van die “koninklike priesterdom”.

**‘n Heilige volk? ‘n Koninklike priesterdom? As ons dit op onself sou toepas, wat behoort uitdrukkings soos hierdie te beteken, wat die tipe lewens wat ons leef, beide as individue en as ‘n gemeenskap, betref? Hoe kan ons ooreenkomstig hierdie hoë roeping lewe?**

## Verkondig die deugde

Die ooreenkomste met die Ou Testamentiese kerk het nie net by redding en as geroepenes en uitverkorenes van God, geëindig nie. Die vraag is, uitverkore en geroep vir wat? Petrus antwoord hierdie vraag dadelik. Hy dui aan dat hierdie spesiale verhouding wat Christene geniet, ‘n doel dien, “om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig” (*I Pet. 2:9*). Dit is wat ou Israel moes gedoen het. God het hulle geroep om Sy getuies in die wêreld te wees. God se doel was om die hele wêreld te seën deur ou Israel, Sy verbondsvolk.

**Lees die volgende teksverse. Wat spesifiek het hulle met mekaar in gemeen? Deut. 4:6; 26:18, 19; Jes. 60:1–3; Sag. 8:23.**

---

---

---

As God se verbondsvolk het antieke Israel ‘n sendingopdrag gehad, naamlik om die evangelie, die redding wat deur die Here aangebied word, aan die wêreld te bring. Christene het dieselfde goddelike sendingopdrag. Hulle is geroep om hulle ondervinding met en hulle kennis van God met andere te deel, en wat Hy vir die wêreld deur Christus gedoen het.

**Lees I Petrus 2:10. Hoekom is hierdie teksvers die fokuspunt van die hele sendingopdrag en die doel vir Christene?**

---

---

---

Die wêreld is deurdrenk met sonde, met die dood, en word met naderende ondergang bedreig. Maar Jesus het Sy lewe gegee om almal te red van hierdie vernietiging. Soos met Israel van ouds gaan agting of erkenning met verantwoordelikheid gepaard. Christene het ‘n buitengewone hoë status: en dit is dat hulle die volk van God is. Maar dit beteken dat hulle die verantwoordelikheid het om andere uit te nooi om hulle hoë status te deel. In I Petrus 2:10 lees ons dat Christene nou die volk van God is. Hulle was vroeër geen volk nie, maar het nou genade ontvang om ‘n “heilige” volk te word (*sien Hoséa 1, 2*). In die Bybel beteken “heilig” gewoonlik om eenkant geplaas te word vir aanbiddingsdoelindes. Daarom, as ‘n “heilige” nasie, moet Christene van die wêreld geskei word, daar moet ‘n verskil wees in die tipe lewens wat hulle lewe. Hulle moet ook soos ‘n vuur op ‘n koue aand wees wat ander nader sal trek na die hitte van die vuur. Christene het ‘n taak van verantwoordelikheid om aan ander die salige reddingsboodskap te bring wat hulle te beurt geval het.

## Vir verdere studie:

“Die kerk is vir God baie kosbaar. Hy waardeer dit nie om die uiterlike bates nie, maar om die opregte vroomheid wat dit van die wêreld onderskei. Hy takseer dit op die lidmate se toename in die kennis van Christus, op hulle vooruitgang in die geestelike lewe. “Christus smag daarna om van Sy wingerd die vrugte van heiligheid en onselfsugtigheid te ontvang. Hy soek na die beginsels van liefde en goedheid. Al die skoonheid van die kunste kan nie vergelyk word met die mooi geaardheid en karakter wat Christus se verteenwoordigers aan die dag moet lê nie. Dit is die atmosfeer van welwillendheid wat die siel van die gelowige omring, die werking van die Heilige Gees op sy verstand en sy hart wat van hom ‘n reuk van die lewe tot die lewe maak en God in staat stel om sy werk te seën.” — Ellen, G. White, *Die Gelykenisse van Christus*, bl. 271-272.

## Vrae vir Bespreking:

1. Hoe voel dit om “uit die duisternis geroep” te word “tot sy wonderbare lig”? Wat beteken dit? Indien jy hierdie gedagte aan iemand wat nie in Jesus glo nie, sou verduidelik, wat sou jy sê? Wat is die duisternis? Wat is die lig? En wat is die verskil tussen die twee in die konteks waarvan Petrus praat?
2. “ ‘Kyk, ek het julle insettinge en verordeninge geleer soos die Here my God my beveel het, om so te handel in die land waarheen julle gaan om dit in besit te neem. Onderhou dit dan en doen dit; want dit is julle wysheid en julle verstand voor die oë van die volke wat al hierdie insettinge sal hoor en sê: Waarlik, hierdie groot nasie is ‘n wyse en verstandige volk. Want watter groot nasie het gode wat vir hulle so naby is soos die Here onse God so dikwels as ons Hom aanroep? En watter groot nasie is daar wat sulke regverdige insettinge en verordeninge het soos hierdie hele wet wat ek julle vandag voorhou?’ ” (*Deut. 4:5–8*). Op watter manier word hierdie woorde op ons as Sewendedag-Adventiste toegepas, en waarvoor het God ons geroep as ons daaraan dink dat ons so baie ontvang het?
3. Lees I Petrus 2:3. Wat bedoel Petrus wanneer hy sê, “As julle ten minste gesmaak het dat die Here goedertieren is”? Hoe het jy Sy genade “gesmaak”?
4. Kyk na jou plaaslike kerk. Wat van jou kerk, indien daar iets is, maak dit en ook jy wat ‘n lidmaat is aantreklik vir hulle wat niks van Sewendedag-Adventiste af weet nie, of vir wat ons glo?

